

Hoofstuk van die dag: Jeremia 27 – 28

> *Die profeet Jeremia het gesê: “Ek sou dit ook graag so wou hê. Mag die Here dit doen. Mag die Here bevestig wat jy as profeet gesê het … (Jer 28:6)*

’n Mens weet nie altyd wat om te glo as iemand iets in die

Naam van die Here aankondig nie. Het hy regtig God se boodskap oorgedra? Of was dit sy eie interpretasie?
Interessant dat Jeremia nie altyd ewe seker was van wat nou regtig van die Here kom en wat nie. Daarom gee hy vir Gananja die voordeel van die twyfel toe dié Jeremia se boodskap met groot stelligheid verwerp. Wat Gananja verkondig het, was immers dit wat ook Jeremia met sy hele hart wou hê moet gebeur: die herstel van Jerusalem.
Dis die ding. Ons wil graag hoor wat óns wil hê, en kies dit wat ons pas. Maar kom dit van God? Daarom is Jeremia daar weg nadat Gananja hom met groot stelligheid weerspreek het (Jer 28:11). Ek glo hy wou eers by God gaan seker maak wat die ware woord is. Want dis nie wat ek wil hê of wat die mense wil hoor nie, maar wat God sê, wat tel. Daaraan moet ons 'n prediker toets.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026